Verwysing: 20160505-67
Lêer: 14/7/1/2
Navrae: Me NF Sobetwa-Magodla

Omsendbrief: 0021/2016
Vervaldatum: 30 Junie 2016

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en Onderwysdistrikskantore), Adjunk-direkteure, Hoofonderwyskundiges, Bestuurders: Kurrikulumondersteuning, Kringspanbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, IBB-bestuurders, Adjunkhoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinering, Assesserings-koördineerders, Kurrikulumadviseurs en -bestuurders van Leersentrums vir Volwassenes

Kort opsomming: Hierdie omsendbrief lig die leersentrums vir volwassenes in aangaande die gewysigde finale rooster vir die Junie 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) Vlak 4-eksamens

Onderwerp: Gewysigde finale rooster vir die Junie 2016 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) Vlak 4-eksamens

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het VOO Memorandum Nr 02 van 2016 vanaf die die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ontvang wat die rooster van die Junie 2016 BOOV Vlak 4-eksamens rooster wysig.

2. Volgens die rooster van die BOOV wat deur middel van Omsendbrief 0018/2016 gedateer 26 April 2016 by die leersentrums gesirkuleer is, sou **Groothandel en Kleinhandel** om 14:00 op Vrydag 17 Junie 2016 geskryf word. Die leerarea sal nie meer op die geskeduleerde datum afgelê word nie as gevolg van die skoolvakansiedag, maar sal nou op Dinsdag 21 Junie afgelê word.

3. Die aangehegte gewysigde rooster vir die Junie 2016 BOOV Vlak 4-eksamens is so pas ontvang van die DHOO.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate en onderwysers.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-05-20